OMGEEGROEP GESPREKSGIDS
TEMA 2

Verward? Verhuis vandag na vaste grond!

INLEIDENDE OORSIG

Die dwaalleraars in die Johannes gemeenskap was hoofsaaklik gnostici. Hulle het onder andere Jesus se menswording en Sy goddelikheid ontken; geglo dat hulle gesalf is met 'n ware kennis van God tot redding en dat hulle nie sondeskuld het nie. Hierdie denke het verwarring in die gemeentes veroorsaak. Johannes skryf hierdie pastorale briewe en wys dit wat die dwaalleraars in die gemeentes verkondig het af, as verkeerd en terselfdertyd verseker hy die gemeentes van die vaste grond van die leer van die apostels.

MOONTLIKE VRAE

Vertel van 'n keer wat jy verward was. Wat was die omstandighede en wat daarvan was vir jou die ergste?

Watter geestelike verwarring is daar vandag waaroor jy dink die kerk meer direk leiding moet gee?

Lees 1 Johannes 2:12-14.
Ek skrywe vir julle, liewe kinders, omdat julle sondes vergewe is in die Naam van Jesus. (13) Ek skrywe vir julle, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek skrywe vir julle, jongmense, omdat julle die Bose oorwin het. (14) Ek het vir julle geskrywe, kinders, omdat julle die Vader ken. Ek het vir julle geskrywe, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.

Wat is die herversekering en troos in hierdie verse vir destyds en vir vandag?

Johannes herverseker in vers 12-14 Jesus se identiteit maar so ook die gelowiges se identiteit. Watter deel van ons Christelike identiteit dink jy moet vandag meer bevestig word en hoekom? (dink onder andere aan ons identiteit as: geliefd; gekies; geroep; kind van God; erfgenaam; vergewe; verlos; dissipel; gestuur; verteenwoordiger; gekruisig; begrawe; nuwe skepsel...)

Lees 1 Joh 2:15-17
Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. (16) Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. (17) En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

In hierdie drie verse herhaal die drie leuens van Genesis 3 wat ook ooreenstem met die drie versoekings aan Jesus in die woestyn. ((Luk 4:1-11) Kyk of julle die drie leuens kan identifiseer, in dit wat benodig word, wat beloof word en wat ewig is.

Watter invloed het hierdie drie leuens vandag?

In Grant Howard se boek The Trauma of Transparency lys hy kenmerke van die duiwel se kommunikasie.

- Sy inligting is deurspek met leuens.
- Hy kommunikeer nie om in te lig nie, maar om te mislei.
- Hy poog nie om vrae te antwoord nie, maar om vrae op te roep.
- Hy wil nie probleme oplos nie, maar skep hulle.
- Hy saai twyfel oor dit wat God gesê het.
- Hy ontken dat God die waarheid praat.

Watter van hierdie kenmerke is vandag deel van sosiale media kommunikasie?
Watter afleidings kan ons hieruit maak?

Hoe beweeg ons van geestelik verward tot die vaste grond van Christus se oorwinning?
Sondag het ons 3 areas gelys wat ons prakties help. Praat weer deur elkeen en besin oor die implikasie as ons dit nie doen nie.

Wees deurentyd bewus van moontlike misleiding.
Kies elke dag om God se wil te doen.
Vertrou op Christus.

Lees 1 Joh 2:1-2 en 1 Joh 5:11-13

1 Joh 2:1-2
Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. (2) Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

1 Joh 5:11-13
En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. (12) Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. (13) Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

Hoe herverseker hierdie teksgedeeltes die vaste grond van ons geloof?

Sluit af deur saam vir mekaar en vir ons gemeente te bid.
Dank die Here vir die vaste grond van ons geloof.